Publication: Burger (Suid Kaap)
Date: Monday, June 14, 2021
Page: 3




Die program waarmee daar van Shaleen Surtie-Richards afskeid geneem is.

Foto's: JACO MARAIS

## ROUDIENS GEHOU VIR LEGENDARIESE AKTRISE

# Geliefde Shaleen se lewe gevier

**Marelize Barnard**

Shaleen was gelief onder mense, maar is deur die stelsel in die steek gelaat.

Op die roudiens gistermiddag van Shaleen Surtie-Richards (66) in Durbanville, Kaapstad, het haar jare lange vriend Rif'at Browers dié sterk boodskap gelewer.


Browers het spesifiek na Nathi Mthethwa, minister van sport, kuns en kultuur, verwys wat teenwoordig was en 'n beroep op hom gedoen dat die langlewendheid van mense in die kuns- en vermaakwêreld verseker word.

Ook Patricia de Lille, minister van openbare werke en infrastruktuur, het in haar boodskap gesê dit is hartseer dat Surtie-Richards se dood die stryd van Suid-Afrikaanse kunstenaars in hul later jare blootlê.

De Lille, wie se boodskap voorgelees is, het gesê Surtie-Richards se dood moet 'n wekroep wees dat kunstenaars en hul regte beskerm en gerespekteer moet word.

"Daar moet na hulle gekyk word," het De Lille gesê.

Surtie-Richards se roudiens is by Memorial Park in Durbanville gehou, en die ikoniese aktrise het weer in voorkamers op televisieskerms verskyn met die diens wat landwyd uitgesaai is.



Shaleen Surtie-Richards se kis is in die landsvlag gedrapeer in haar roudiens in die kapel van Memorial Park in Durbanville.

Eerw. Lionel Surtie, Surtie-Richards se broer, het die diens gelei.

Hy het gesê sy suster het "in die skadu's van Tafelberg kom rus".

Surtie het gesê die boodskap wat hy namens Surtie-Richards wil lewer, is dat mense nie bang moet wees vir die lewe nie.

"Vrees is die oudste en sterkste menslike emosie en dit verlam 'n mens. Dit maak jou siek en verlam vandag die krag wat jy môre nodig het om die onheil aan te durf."

Surtie het gesê die swaarste las is vrees vir dinge wat uiteindelik nooit gebeur nie.

"Wanneer vrees aan die deur klop, stuur vir geloof om die deur oop te maak en jy sal vind daar is niemand nie," het Surtie gesê.

In sy boodskap het Mthethwa gesê Surtie-Richards was op verskeie maniere 'n verteller van stories. Sy was die beste storieverteller deur al die karakters wat sy uitgeleef het.

"Sy het ons meer geleer van onsself, van dit wat ons ware Suid-Afrikaners en ware mense maak. Niemand sal twyfel in die rol wat Shaleen gespeel het om mense te verenig nie."

Hy het gesê Surtie-Richards het mense geleer om trots te wees op wie jy is en van waar jy kom.

"Shaleen, jy het gesterf sonder om te groet, maar jy leef voort in ons geheue," was Mthethwa se afskeidswoorde.

Michelle Surtie de Bruyn, Surtie-Richards se niggie, het namens die familie 'n huldeblyk gelewer en gesê sy moes op haar tannie se 60ste verjaardag 'n toespraak lewer. Daar was bekendes op die geleentheid.

Surtie-Richards het haar eenkant toe geroep en gesê: "Jy is 'n Surtie, jy is jou pa se kind. Moenie vir jou *worry* oor die mense nie. Ons is die mense. Jy lig jou ken op en jy praat."

Surtie-Richards se kis is as deel van die amptelike seremonie in 'n landsvlag gedrapeer gedurende die diens, nadat pres. Cyril Ramaphosa 'n amptelike provinsiale begrafnis goedgekeur het.

Die kapel was met wit en rooi blomme versier en een van die rose wat uitgestaan het, was 'n roos wat na haar genoem is.

Kerse is deur Estée Lauder geskenk sodat mense ook kon onthou hoe lief Surtie-Richards vir parfuum was.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.